# WAWIEL WAPADRAND

Jaargang 36 Vol 3

# INHOUD


- INHOUD ............................................. BL 2
- STILTETYD............................................ BL 3
- SPORE VAN HOOP ................................ BL 4
- BESTUURSLEDE .................................. BL 5
- REDAKSIONEEL ................................... BL 6
- UIT DIE VOORSITTER SE PEN ................. BL 7
- SENIOR BURGERS ............................... BL 8
- JEUG ................................................... BL 9
- KWARTAALKAMPE ................................ BL 10 -13
- AANSPORINGSPLAATJIES BL 14
- VERJAARSDAE & HUWELIKHERDENKINGS BL 15-16
- LIEF & LEED **BL 17**
- RESEPTE .................................. BL 18
- KAMPKENADES .................................. BL 19
- JAARPROGRAM...................................... BL 20
- VAKANSIEDAE ...................................... BL 21

# STILTE TYD

SKRYFBEHOEFTES : JESAJA 41.10

Skryfbehoeftes is hierdie tyd van die jaar op elke winkel se advertensieblad met groot hoofletters BACK TO SCHOOL. Die skole stuur 'n skryfbehoefte benodighedelys uit, sodat elke ouer weet watter skryfbehoeftes die kinders alles nodig het vir hulle nuwe skool loopbaan. Hierdie lys sluit in van doeke en "wetwipes" vir kleuterskole tot sneesdoekies, lugverfrisser, riempapiere en nie net een buisie gom nie, maar 4 tot 8 buisies. Ons as ouers hardloop van die een spesiale aanbod na die ander om alles gereed en gemerk te kry vir die nuwe skooljaar.

Hoe lyk hierdie jaar se geloofbenodighedelys? Kort ek 'n Bybel? Dalk is die Bybel te groot en eerder 'n gunsteling bybelvers of twee? Meer betrokke raak by uitreikwerk? Meer stiltetye saam God? Lekker Christelike musiek om te luister?

Ons fokus so op alles wat ons benodig vir werk en skool en ons mis partykeer God as deel van ons behoeftes. Mag God hierdie nuwejaar 2026 meer plek in ons dagboek kry. Mag ons elke keer opnuut herinner word dat ons God se eiendom is, sodra ons Naam …. Van …. op boeke se voorblaaie, lêers ensovoorts skryf, 'n handtekening op dokumente of skoolwerk moet teken en selfs moet parafeer op 'n kontrak.

Mag 2026 vir elkeen 'n besonderse en geseënde jaar wees.

(Bron: *Ds Chantelle Maree Meyerton-Suid). Bydrae gelewer deur Janetta Toerien)*

# SPORE VAN HOOP

*Die enigste oorlewende van 'n skip wat gestrand het, is uitgespoel op 'n klein, onbewoonde eilandjie. Hy het koorsagtig gebid dat die Here hom sal red en elke dag vol verwagting na die horison gestaar, en bly hoop dat hulp sou opdaag; maar daar was geen teken van hulp nie.*

*Uitgeput het hy dit uiteindelik reggekry om 'n klein hutjie uit dryfhout te bou om homself en sy paar besittings teen die elemente te beskerm. Op 'n dag, nadat hy vir kos gaan soek het, ontdek hy dat sy hut aan die brand is, vlamme wat hemelhoog opskiet! Die ergste het gebeur – alles, letterlik alles, was nou verlore. Hy was hartseer en woedend. "Here!" het hy uitgeroep, "hoe kan U dit aan my gedoen het?"*

*Vroeg die volgende dag, is hy wakker gemaak deur 'n skip wat die eiland nader en tot sy redding kom. "Hoe het julle geweet ek is hier?" het die uitgeputte man sy redders gevra. "Ons het jou rooksein gesien" het hulle geantwoord.*

*Dis maklik om moedeloos te word as dinge begin sleg gaan, maar ons moenie moed opgee nie, want God is besig om in ons lewens te werk – selfs te midde van pyn en lyding.*

*Onthou, die volgende keer wanneer jou klein hutjie tot op die grond afbrand, mag dit dalk net 'n rooksein wees, wat van die Genade van God getuig.*

*GEBED: Goeie Vader, open asseblief ons harte dat ons die rookseine wat U oor ons lewens stuur, met oop harte sal raaksien en sal weet dat U hulp naby is!*

*AMEN*

*.*

*(Diaken Elmien Botha#skepmoed#diakens#leefbetekenisvol*

*Bydrae gelewer deur Janetta Toerien)*



Addisionele Lid:
Hoepfner Wiese

hwiese24@gmail.com
082 381 4247

Sekretaresse: Janetta Toerien

076 253 5577



Wapadrandsek@sawa.org.za
janettatoerien@gmail.com



Voorsitter: Andy Toerien
toeriena@outlook.com : 082 256 5044



Redaktrise
Geraldine Müller

Muller.sj@outlook.com
083 490 3588

Penningmeester:
Danie du Plessis



danieduplessis@live.co.za 082 551 0114

# REDAKSIONEEL

So is dit die begin van 2026.  Baie mooi herinneringe is gemaak vir 2025 wat ons sal koester en laat terugdink aan al die lekker tye, saamkamp, omgee en liefde vir mekaar.

Dankie aan almal wat hul foto's ingestuur het.  Ek en Seppie was nie met vakansie nie maar met al jul bydraes het dit vir ons gevoel of ons wel met vakansie was.  Ons het weer soos die vorige jaar (2024) ons buurvrou se hond (Labrador) opgepas.  Nogal 'n aanpassing gewees om na 'n groot hond te kyk en hom toe te laat om ook in die huis te slaap.

Hoop jul sal hierdie jaar weer so ondersteunend wees met al jul interessante brokkies en foto's.

Julle maak van hierdie Wawiel 'n sukses.

Groete

Geraldine

# UIT DIE VOORSITTER SE PEN

Liewe Wapadranders

Waar ons die nuwe jaar ingaan na die Desembervakansietyd, hoop ek dat almal goed uitgerus is en gretig is om te kamp en saam nuwe kampterreine te ontdek. Ek is verheug om te rapporteer dat daar slegs een insident was waarvan ek kennis geneem het. Die van Rensburgs het skade gely met brande in Mosselbaai . Baie sterkte. Goeie nuus was darem ook daar vir hulle, hulle dogter Anandi het haar M-graad Cum Laude geslaag. Verder was daar nie ander insidente of bekommernisse tydens die vakansietyd nie. Dit bevestig onder andere die sorg en verantwoordelikheid van ons lede asook die beskerming wat ons van die Here ontvang. Ons wens ook vir Chrisjan Pienaar geluk met sy verlowing in die tydperk. Indien daar iets waarvan ons nie kennis dra nie, laat weet ons asseblief.

Welkom in die nuwe kampjaar – beide die gereelde en nie-so-gereelde kampeerders. Ons skop sommer die eerste kamp af met ‘n nuwe oord en gaste. Dit was wonderlik om so ‘n positiewe en entoesiastiese reaksie op die besprekings vir die Februariekamp te sien. Julle toewyding verseker dat ons streek lewendig en aktief bly.

Kom ons maak vanjaar die jaar waarin ons meer gereeld kamp, kom ons deel goeie tye en smee  nuwe herinneringe.

My wens vir die jaar is dat ons almal veilig sal reis, wonderlike geselskap met baie onvergeetlike oomblikke onder die sterre sal ervaar.

Kom ons maak 2026 die beste kampjaar ooit.

Groete

**Andy**



# SENIOR BURGERS

**‘n Senior Burger is iemand wat nog groei, wat nog leer, met potensiaal, en wie se lewe belofte inhou vir skakeling met die toekoms.**

**Senior burgers is ons storieskatkis. Hulle is ‘n land se geheue en gewete. Hul stille krag, rype lewenservaring, onverbloemde broosheid en deernis is ‘n geskenk aan ons samelewing wat dit selde waardig is. (Woorde geleen:  Wendy Maartens).**

Met ons senior burgers gaan dit goed en ons kamp gereeld saam.  Baie keer met ‘n skeetjie en pyntjie maar, ons wyk nie af van die lekker saam kamp nie.

Ons help mekaar met die op- en afslaan van tente en gou-gou ontspan ons saam.  Warm dae met ‘n ietsie in die hand. Soos julle weet bestaan ons Wapadranders maar meestal uit senior burgers.

Dit bly vir ons ‘n voorreg om te kamp en ons doen dit totdat die kragte nie meer daar is nie.  Gelukkig is daar oordhelpers wat hand bysit, natuurlik teen ‘n fooitjie.

Maar, dis verblywend om te kan sê dat die fooie goedkoper in Gauteng is as dié van die Wes-Kaap omgewing.

Laat ons senior burgers dit geniet terwyl ons kan!!!!



1



2



3



4

# JEUG

- Foto 1: Dawid & Hannah de Villiers op hul fietse.
- Foto 2: Dawid tydens ons Valentynsontbyt. Ons eie Richard Gere! Uitgevat in sy pak klere.
- Foto 3: Dawie & Bettie Mullins saam met hul kleinkinders Hannah en Dawid de Villiers. Die kleinkinders kamp al saam met ouma en oupa vandat hul 2 jaar oud is.
- In die agtergrond staan Janettta & Andy Toerien.
- Foto 4: Bella & Elané Brönn. Ongelukkig het ons nie Bella se van nie. Hierdie twee het, wanneer dit gereën het, in die tent gesit en hul besig gehou met dinge waarvan hul hou.
- Wanneer die son geskyn het – en dit was bitter min – het die jongspan gaan swem.

# KAMPE Haywards Game Lodge

Haywards Game Lodge is ‘n baie mooi kamp en die uitleg is baie goed gedoen.  Elke karavaanstaanplek het sy eie ablusiegeriewe asook ‘n buite dubbelwasbak en  ‘n afdak met ‘n tafel-sitbank.  Dit was amper nie nodig vir ons om ‘n tent op te slaan nie.  Almal van ons het onder die afdakke gekuier.

Die naweek was nat en soms sonder krag.  Die eienaar het darem gereël dat ons vir periodes krag kon kry vanaf ‘n ander lyn en ook om gebruik te maak van hul kragopwekker.

Die pluspunt vir die naweek was ook die diere wat ons kon sien.

Beslis weer ‘n kamp om te besoek!

Ons het die naweek ook gaste gehad.  Willy & Andriëtte Jacobs.  Ons het omtrent die hele naweek by hulle “geplak”.  Nou wonder julle seker hoekom?  Hulle wa was in die middel van ons waens en Willy het ‘n groot “rally” -tent opgeslaan.




Willy & Andriëtte Jacobs



Hoepfner & Elsa Wiese het vir ons ‘n foto gestuur van waar hul gekamp het by Mosselbaai. In gees was hul met ons.



Ek wonder nou net vir wie wou Bettie Mullins hier lus gemaak het vir ‘n stukkie beskuit?







Die lekkerte van die Sondag voor ons vertrek het, was om die koedoe en die olifant te sien.



Hier luister Eleanor & Danie du Plessis na rustige musiek voor die oggenddiens.

Andy & Stephanie druk besig met 'n gesprek.

Die Valentynsontbyt was heerlik.

Ons kon darem die agterkant van die olifant sien.









Eleanor & Danie du Plessis



Janetta & Andy Toerien







Hulle het so lekker saam met ons gekuier en besluit om na Wapadrand oor te skakel

En ons gaste vir die naweek.



# AANSPORINGSPLAATJIES

- Baie welkom aan Willy & Andriëtte Jacobs (voorheen Pretoriastreek) wat besluit het om oorgeplaas te word na Wapadrand streek.
- David & Stephanie Brönn ontvang hul 30ste streektoekenning.
- Seppie & Geraldine Müller ontvang hul 11de streektoekenning. (Plaatjie was uitstaande)







# VERJAARDAE

MAART:

- 1 Chris Pienaar
- 3 Christiaan Bezuidenhout
- 20 Mieke Roos (néé Pienaar)

APRIL:

- 22 Dawid de Villiers
- 24 Hoepfner Wiese
- 26 Dawie Mullins

# HUWELIKSHERDENKINGS

MAART

- 8 Elsa & Hoepfner Wiese
- 27 Natashia & Jos Rabie

- APRIL
- 7 Eleanor & Danie du Plessis
- 23 Bettie & Dawie Mullins

# LIEF & LEED

LIEF:

- Reinardt & Lynette van Rensburg se dogter Anandi en haar verloofde Luan het beide poste by Groenpunt Gevangenis, Deneysville gekry vir hul Zuma jaar.

- LEED:
- Danie du Plessis het ‘n knieprosedure ondergaan.
- Reinardt en Lynette van Rensburg het groot verliese gely tydens die brande in Mosselbaai.
- Lynette van Rensburg se ma Eunice kry weer chemo-behandeling.
- Andy Toerien sien ook een van die dae die Kardioloog. Hy sukkel ook met gordelroos.
- Een van ons oud-Wapadranders, Chris Delport se been is geamputeer. Hy pas goed aan.
- Gerrie van Aswegen het ook ‘n skoueroperasie ondergaan.

RESEPTE

- **PASTEIE SOUS**
- 3 Eetlepels botter
- 5 Eetlepels meel
- 1 blokkie hoenderaftreksel
- 1 blokkie bees- of lamaftreksel
- 2 ¼ koppie water
- 1 teelepel uie-poeier

1. Los die blokkies hoender en bees- of lam op in water.
2. Smelt die botter op ‘n stadige hitte in ‘n pot.
3. Gooi die meel geleidelik by en roer. Hierdie stap is belangrik anders kan dit aanbrand.
4. Gooi dan die opgeloste blokkies by. Hou aan met roer totdat sous bruin en dik word.
5. Laat sous opkook en gooi oor pasteitjies of fyngemaakte aartappels (Mash).

Hierdie is die lekkerste sous wat daar is!!!!!!!

# Kampkenades

Ek was drie maande oud toe ek vir die eerste keer gekamp het. My ouers was op ‘n landsdienskamp in ‘n nagmaaltent. Ek onthou natuurlik niks daarvan nie, ook nie die kampe wat daarop gevolg het nie…..

Die eerste wat ek onthou was toe ek 10 was. Ons het in Mosambiek gekamp. Dit was in die destydse Lourenço Marques, nou Maputo, se munisipale kamp. Daar was nie veel infrastruktuur nie. Skemertyd het mense gekom en al die bosse in die kamp met DDT gespuit vir die muskiete.

My pa en sy vriend sit eendag en gesels. My pa sê toe hy wil ook graag ‘n woonwa hê. Sy vriend teken toe die raamwerk op die sementblad en 6 weke later het ons toe ‘n woonwa. Die eerste vakansie wat ons met dié woonwa gehad het was in Malongane in Mosambiek. My ma se suster en haar gesin het saamgegaan. Onthou…daar was nie so iets soos 4x4-motors nie. Méns, ons het vasgesit in die dik sand. Ons was eindelik in die kamp en het heerlik gekuier.

Ons het daarna nog vele vakansies in die woonwa gehad.

Ons het gereeld op my ma se broer se plaas Harlemoost, langs die Matlabasrivier gekamp vir die Desembervakansie. Dan het van die ander familie ook saam gekamp. Partykeer was die rivier droog. Dan het ons in die droë rivierbedding vuur gemaak en kersliedere gesing. Ander kere het die rivier sterk geloop. Ons het baie vis gevang. My ma was ‘n meester met vis gaarmaak in die skottelbraai. Babers in ‘n lopende rivier is skoon, sonder pitjies en dit was heerlik.

Ons ander gereelde kampplek was Rust der Winterdam. Ons het die hele skoolvakansie daar gebly, sés weke! My pa het die wa staangemaak en die naweek saam gekamp. Maandagoggend vroeg ry hy terug Pretoria toe want hy het net drie weke verlof gehad. Woensdagaand kom hy weer daar aan; hy het te veel verlang, Donderdag terug en Vrydag weer by die dam.

My ouma en oupa het dikwels saam met ons gekamp. Hulle het op kampbedjies in die groot tent geslaap. Een nag word ons wakker van ‘n groot kabaal….my boetie se hondjie tjank vreeslik. My ouma (sy was maar gewigtig) se bedjie het inmekaar gevou – op Snuffels. Hy het gelukkig niks oorgekom nie, maar hy het nooit weer onder Ouma se bed geslaap nie.

Visvang was die groot aktiwiteit, Ons het eendag 80 kurpers gevang en almal skoongemaak. Meeste het ons gevries (‘n klein vrieskassie met ‘n kragopwekker), maar ons het ook baie vis geëet.

Ons het nog vele avonture gehad, maar meer daaroor later.

*(Skrywer onbekend - Dankie Janetta Toerien vir hierdie bydrae)*

# JAARPROGRAM

| SAWA Wapadrand Jaarprogram 2026 | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kampnaweke | | | | | | Kampplekke | Rigting | Kommentaar |
| Januarie | 2-4 | 9-11 | 16-18 | 23-25 | 30/1 - 1/2 | | | |
| Februarie | 30/1-1/2 | 6-8 | **13-15** | 20-22 | 27/2-1/3 | Haywards Lodge | Noord | |
| Maart | 27/2-1/3 | 6-8 | 13-15 | 20-22 | 27-29 | Reilynn | Oos | |
| April | 2-6 | 10-12 | 17-19 | 24-26 | 30/4-3/5 | Paasnaweek<br>Jakaranda Koördineerders | Suid | |
| Mei | 30/4-3/5 | 8-10 | **15-17** | 22-24 | 29-31 | Ruah Park | Oos | |
| Junie | 5-7 | 12-14 | 19-21 | 26-28 | | | | |
| Julie | 3-5 | 10-12 | 17-19 | 24-26 | 31/7-2/8 | Weesgerus, Gebiedskamp | Noord-wes | |
| Augustus | 31/7-2/8 | 7-10 | 14-16 | **21-23** | 28-30 | Rotsinbos - AJV | Noord | |
| September | 4-6 | 11-13 | 18-20 | 23-27 | | Umfula, Nasionaal & 100+ | Suid | |
| Oktober | 2-4 | 9-11 | **16-18** | 23-25 | 30/10-1/11 | Reilynn | Oos | |
| November | 30/10-1/11 | 6-8 | **13-15** | 20-22 | 27-29 | San Cha Len | Noord | |
| Desember | 4-6 | 11-13 | 18-20 | 25-27 | | | | |




- (Foto geleen: Maroela Media)